

Ek is die ware wingerdstok 3-5

Ek is die wa - re win - gerd - stok; my Va - der gee die groei.

Die lo - te wat nie vrug - te dra word deur Hom weg - ge - snoei.

2

Maar elke loot met vrugte aan
dié sny Hy skoon en reg.
So dra die loot al beter vrug,
en bly die eenheid heg.

4

Bly jul in My, my woord in jul,
kan jul My alles vra –
my Vader word verheerlik waar
jul volop vrugte dra.

6

Dan loop jul vreugdebeker oor,
my blydschap maak jul sterk.
Kan daar 'n groter liefde wees
asanneer vriendskap wérk?

3

Ek is die ware wingerdstok
elkeen van jul 'n loot.
Wie in My bly, en Ek in hom,
sy oes is vol en groot.

5

Ek het die Vader waarlik lief
en doen wat Hy wil hê;
ook jul sal in my liefde bly
as jul doen wat Ek sê.

7

Ek noem jul vriende as jul doen
dit wat Ek jul beveel.
Dit wat Ek van die Vader hoor
het Ek jul meegedeel.

8

Wat jul die Vader deur My vra,
sal Hy gee in sy trou.
Ek stel jul aan om vrug te dra –
die vrug van liefde hóú.

JOHANNES 15:1-8